



# ATKV *Media-* *veertjies* 2023

Vir ondersoekende joernalistiek

## REGLEMENT

In 'n era waarin die waarheid dikwels verdraai word en sosiale media vir baie mense hul enigste bron van nuus geword het, wil die ATKV ondersoekende joernalistiek in Afrikaans op 'n tasbare manier bekroon.

Joernaliste in alle genres (drukmedia, digitale media, radio en televisie) wat nie skroom om moeilike vrae te vra, diegene in magsposisies tot verantwoording te roep of die stories te vertel waarvan ander wegskrum nie, word genooi om in te skryf in drie kategorieë: LÊES, LUISTER en KYK.

Artikels, programme, insetsels en reekse moet feitelik korrek wees, prikkelend aangebied word, deurdring tot die kern van die saak en insiggewende inligting op 'n verstaanbare manier oordra.

Artikels, programme of insetsels wat tussen 1 Maart 2022 en 28 Februarie 2023 verskyn het of uitgesaai is, mag ingeskryf word.



## WAARNA SOEK ONS?

- Uitstekende oorspronklike **Afrikaanse** artikels/programme/insetsels.
- Korrekte feite wat op 'n verstaanbare wyse aangebied word en tot die kern deurdring.
- Vars invalshoeke.
- Interessante aanbieding.
- Onverskrokke beriggewing.

## WIE MAG INSKRYF?

1. Kandidate wie se werk aan die bogenoemde vereistes voldoen, word genooi om 'n korpus van werk bestaande uit **DRIE** artikels/insetsels/programme in te skryf. (**NB:** Indien minder of meer as drie artikels/insetsels/programme ingedien word, sal die inskrywing summier gediskwalifiseer word.)
2. Deelnemers mag **slegs een maal** inskryf. (Dus, een korpus van werk bestaande uit drie bydraes. Inskrywings mag uit twee kategorieë kom, byvoorbeeld luister en lees).
3. Spaninskrulings sal aanvaar word wanneer meer as een joernalis of 'n span saam aan 'n artikel/reeks/insetel gewerk het, maar dan mag dieselfde bydrae nie ook deur 'n individu ingeskryf word nie. (**NB: Indien dieselfde bydrae/korpus van werk deur 'n span sowel as 'n individu ingeskryf word, sal dit summier gediskwalifiseer word.**)
4. 'n Individu wat saam met 'n span aan 'n artikel/program gewerk het wat ingeskryf word, maar ook ander werk op sy/haar eie doen, mag egter steeds ander bydraes wat kwalifiseer onder sy/haar eie naam inskryf (sien punt 2).  
**\* Maak egter asseblief seker dat individuele inskrulings en spaninskrulings nie oorvleuel nie, en sien ook die onderstaande reëls.**



## FORMAAT VAN INSKRYWINGS:

Alle inskrulings moet via WeTransfer gestuur word na [IlseS@atkv.org.za](mailto:IlseS@atkv.org.za).

- Inskrywings moet bestaan uit 'n inskrulingsvorm (wat hier afgelaai kan word [bit.ly/3Yxt0Cc](http://bit.ly/3Yxt0Cc) en 'n motivering (op die vorm) waarin die konteks van jou artikel/program/insetel kortliks vir die beoordelaars uiteengesit word. Die prikkel vir die ondersoek, die konteks of agtergrond, die risiko's geneem en uiteindelijke impak van die artikel/bydrae kan hierin belig word.
- Skakels na die artikels (indien digitaal beskikbaar en nie agter 'n betaalmuur nie) of in PDF-formaat.

## SLUITINGSDATUM:

Inskrywings sluit op 21 September 2023 om 17:00. **GEEN** inskrulings wat ná die afsnytyd ontvang word, sal in aanmerking geneem word nie.

## BEOORDELING:

Beoordeling geskied deur 'n paneel van drie onafhanklike, ervare mediakenners.

## AANKONDIGING VAN DIE WENNERS:

Wenners word op 24 November 2023 aanlyn aangekondig. Meer besonderhede sal later bekendgemaak word.

## PRYSE:

**Eerste prys:**  
R15 000, plus 'n trofee

**Tweede prys:**  
R10 000

**Derde prys:**  
R5 000

## REÛLS:

- Daar is geen inskrywingsfooï nie.
- Vorige weners van ATKV-Mediaveertjies mag weer inskryf.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Maart 2022 en 28 Februarie 2023 gepubliseer/uitgesaai/gebeeldsend is.
- Slegs een inskrywing per persoon, bestaande uit **drie artikels/insetsels/programme** word aanvaar. (Dit mag uit verskillende kategorieë wees.)
- 'n Individu mag óók binne spanverband inskryf, maar mag nie dieselfde werk in albei gevalle inskryf nie. Indien dit gebeur, sal die individu sowel as die span gediskwalifiseer word. (Dus: As jy in spanverband werk, maar ook op jou eie, mag jy steeds jou eie werk onder jou eie naam inskryf, al vorm jy deel van 'n span wat ook 'n bydrae/program inskryf, mits dieselfde bydraes nie ook deur die span ingeskryf word nie.)
- Spaninskrywings word aanvaar, maar dieselfde artikel/bydrae mag dan nie ook deur 'n individu ingeskryf word nie.
- 'n Maksimum van **drie artikels/insetsels/programme per span** word aanvaar. (Sien ook voorafgaande punt.)
- In die geval van spaninskrywings moet die span self besluit oor die onderlinge verdeling van die prysgeld indien hul inskrywing as een van die topdrie aangewys word.
- In die geval van 'n spaninskrywing sal slegs een trofee toegeken word.
- Daar is nie 'n beperking op dit waarop die inskrywings moet fokus nie (byvoorbeeld politiek, wetenskap, ekonomie, individue, organisasies, maatskappye, die regering) solank dit aan die vereistes vir ondersoekende joernalistiek voldoen.
- Omdat die fokus val op ondersoekende joernalistiek is feitlike beriggewing en die korrektheid van feite ononderhandelbaar.
- Indien 'n inskrywing nie aan bogenoemde riglyne voldoen nie, sal dit outomaties gediskwalifiseer word.
- Elke inskrywing word in sy geheel beoordeel, en nie net dele daarvan nie.
- Kundiges tree as beoordelaars op.
- Die ATKV en die beoordelaars aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige foutiewe inskrywings nie.
- Die ATKV behou die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel 'n finale beslissing te maak wanneer daar vanweë die reëls of praktyk van die kompetisie onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan.
- Die beoordelingsproses sal streng deur die ATKV gekontroleer word.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
- Die ATKV kan pryse weerhou na gelang van die gehalte van inskrywings en op aanbeveling van die beoordelaars.
- Die ATKV behou die reg voor om beeld- sowel as klankmateriaal van die weninskrywings te gebruik.
- Geen materiaal van die inskrywings sal teruggestuur word nie.
- Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëls, wat ook mediaskakeling insluit.
- Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing. (Let veral op die reëls rondom individuele en spaninskrywings).
- Die ATKV behou die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.

**Navrae:** Ilse Salzwedel (projekorganiseerder)

**E-pos:** [IlseS@atkv.org.za](mailto:IlseS@atkv.org.za)

(Alle amptelike navrae oor die kompetisie **moet** aan hierdie e-posadres gestuur word.)

